

SOUTH AFRICA / JUDGMENT

Attorney-General of Natal v Ndlovu (73/86) [1987] ZASCA 145 (30 November 1987)

[1987] ZASCA 145

COURT

Supreme Court of Appeal

BEFORE

Rabie, Joubert, Hefer, Boshoff, Steyn

CASE / FILE NUMBER

73/86

Source: saflii.org · Research copy typeset by Esheria. Not court-issued or certified.

Saak No. 73/86

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

(APPÊLAFDELING)

In die saak tussen:

THE ATTORNEY-GENERAL OF NATAL Appellant

en

ISAAC NDLOVU Respondent

Coram: RAIJIE WND MR, JOUBERT, HEFER ARR , BOSHOF et

STEYN WND ARR.Verhoordatum:Leweringsdatum:

15 September 198730 November 1987

UITSPRAAK

RABIE WND HR:

Dit is 'n appèl deur die prokureur-generaal van

Natal/

2

Natal ingevolge die bepalinge van art. 311(1) van die Strafproseswet, No. 51 van 1977, teen die beslissing van die Natalse Provinsiale Afdeling in die saak S. v. Ndlovu 1986(1) SA 510(N). Die bevinding van die hof waarteen die appèl gerig is, is dat skuld in die vorm van dolus, hetsy dolus directus of dolus eventualis, vereis word vir 'n oortreding van art. 8 (1) (d) van die Wet op Publikasies, No. 42 van 1974, en dat nalatigheid (culpa) nie voldoende is nie.

Die betrokke bepaling lui soos volg: "8.(1) Niemand mag -

(d) 'n publikasie of voorwerp besit nie

indien die besit van daardie publika-sie of voorwerp kragtens artikel 9(3) verbied is en daardie verbod by

kennisgewing/...

3

kennisgewing in die Staatskoerant bekend gemaak is;".

Art. 9(3) van die gemelde wet bepaal dat 'n komitee "die besit deur enigiemand van 'n publikasie of voorwerp wat volgens 'n beslissing van 'n komitee ongewens is", kan verbied. Art 4 van die wet maak voorsiening vir die aanstel van komitees. Dit was gemene saak by die verhoor in die landdroshof dat 'n nommer van die periodieke publikasie Isandlwana wat in 1981 uitgegee is, op 8 Desember 1983 in 'n laaikas van die beskuldigde (die respondent in hierdie appèl) gevind is en dat dit aan hom behoort het, Die respondent, 'n organiseerder in diens van 'n vakbond, die National Union of Textile Workers, het getuig dat 'n

blanke/

blanke man genaamd Mike die publikasie in ongeveer Januarie 1983

tydens 'n vakbondseminaar in Johannesburg aan hom gegee het; dat hy

by daardie geleentheid net vlugtig daarna gekyk het ("I

just looked at it", het hy gesê); dat hy dit huis toe

geneem het met die idee om dit later te lees, maar dat

hy nooit die tyd gevind het om dit te doen nie, en dat

hy nie geweet het dat die besit daarvan verbode is nie

Die landdros het bevind dat sekere van die inhoud van

die publikasie geweld en revolusie aanblaas; dat 'n

redelike man sou besef of vermoed het dat die besit

daarvan verbode was en dat die respondent nalatig was

deurdat hy nie navraag gedoen het om vas te stel of dit

verbode was nie. Die hof a quo het, soos reeds gesê,
bevind/....4

5

bevind dat nalatigheid nie voldoende was om 'n oortreding
van die gemelde art. 8(1)(d) te skep nie. Dit het ook
bevind dat die getuienis nie 'n bevinding van dolus -
selfs in die sin van dolus eventualis - geregverdig het
nie. Die prokureur-generaal is verlof verleen om na
hierdie hof te appelleer teen die bevinding dat dolus
vir Yt oortreding van art. 8 (1) (d) vereis word en dat
nalatigheid nie voldoende daarvoor is nie.

Die appellant betoog tereg nie dat art. 8(1)(d)
'n absolute verbod bevat nie. So 'n betoog sou onhoud-
baar wees. Kyk bv. S. v. Arenstein 1964(1) SA 361 (A)
op 365 C-D; S. v. De Blom 1977(3) SA 513 (A) op 532
B-C en S. v. Ngwenya 1979(2) SA 96 (A) op 99 i.f Die
betoog/...

6

betoog is, soos reeds gesê, dat nalatigheid voldoende is
om 'n oortreding van art. 8(1) (d) te skep.

Mnr Paver, namens die appellant, het sy betoog
begin deur te sê dat daar in die bewoording van art.
8(1)(d) geen aanduiding is van welke skuldvorm, d.w.s
nalatigheid of dolus, die wetgewer vir 'n oortreding
van die artikel vereis nie. Dit is 'n juiste stelling,
Sy betoog is egter dat daar verskeie oorwegings is wat
daarop dui dat dit die bedoeling van die wetgewer is
dat nalatigheid voldoende vir 'n oortreding van die artikel

is. Die eerste oorweging is, aldus die betoog, dat die artikel 'n hoë graad van sorg of omsigtigheid van die kant van die onderdaan vereis en dat dit toon dat die wet-gewer/...7gewer bedoel het dat nalatigheid voldoende is om 'n oortreding van die artikel mee te bring. Mnr Paver het ons ter ondersteuning van hierdie betoog verwys na S.v. Arenstein, supra, waar dit gegaan het oor die vraag of die appellant tereg skuldig bevind is aan 'n oortreding van art. 10 quat (1) van die Wet op die Onderdrukking van Kommunisme, No. 44 van 1950, soos gewysig, deurdat hy versuim het om te voldoen aan die bepalings van 'n kennisgewing wat hom beveel het om hom gedurende 'n sekere tydperk elke dag behalwe Saterdag en openbare vakansie-dae op 'n bepaalde tyd by 'n polisiestasie aan te meld. Daar is namens die appellant betoog dat nalatigheid nie voldoende/...

8

voldoende vir 'n oortreding van die kennisgewing was nie en dat dolus vereis was. Botha AR het gesê dat in die afwesigheid van woorde soos "wilfully" of "intentionally" wat presies aandui welke soort geestesgesteldheid ("mental state") vereis word -

"the degree of mens rea must depend on that foresight or care which the statute in the circumstances demands."

Die geleerde regter het daarop voortgegaan en gesê (op 366 E-G):

"In the present case the Legislature has not given any express indication of the degree of blameworthiness required for a culpable failure to comply with a notice under sec. 10 quat (1). But in my view various considerations indicate that a high degree of circumspection and care on the

part/

part of an addressee of a notice is demanded by the Legislature. Any failure to exercise that degree of circumspection or care constitutes the mens rea necessary for a culpable violation of the notice. (Cf. Rex v. Federated Meat Industries Ltd and Another, 1949(2) S.A. 795 (N) at p. 798).

The object of a notice under sec. 10 quat (1) is clearly to facilitate the exercise of effective control, in the interest of the safety of the State, over the movements of persons, whose activities or suspected activities are regarded as a danger to the safety of the State. That object could be completely defeated unless a high degree of circumspection or care to ensure compliance with such a notice is required, and it is unlikely that the Legislature could have intended failures to comply with such a notice, other than wilful failures only, to be excusable."

Mnr Paver het ons in hierdie selfde verband ook verwys na S. v. Oberholzer 1971(4) SA 602 (A), waar dit om 'n

oortreding/ 9

10

oortreding van art. 31(1)(a) van die Wet op Mate en Gewigte, No. 13 van 1958 gegaan het. Botha AR het daarop gewys dat die wetgewer deur die gebruik van die woord "opsetlik" in sommige artikels van die wet duidelik getoon het dat opset in die geval van daardie artikels die vereiste skuldsoort was, maar dat hy di t nie in die geval van art. 31(1)(a) gedoen het nie. Hierdie feit, het die geleerde regter gesê (op 661 i.f.), "lei onvermydelik tot die gevolgtrekking dat opset nie vir 'n strafbare oortreding van laasgenoemde artikel (d.w.s. art. 31(1)(a)) nodig is nie." Botha AR het daar-na voortgegaan om te sê dat, waar die wet die beskerming van die algemene publiek teen uitbuiting in die handel

beoog/

11

beoog het, daardie doel verydel sou kon word indien slegs opsetlike oortredings van die bepalings van die wet strafbaar sou wees. In 'n passasie waarin hy na S.v. Arenstein, supra, verwys het, het Botha AR ook gesê (op bl. 612 A-C):

"Die Wetgewer verg egter klaarblyklik vir die verwesenliking van sy oogmerke 'n hoë mate van omsigtigheid van diegene op wie die bepalings van die Wet van toepassing is, en die opsetlike of nalatige versuim om daardie mate van omsigtigheid uit te oefen, maak die nodige mens rea uit vir 'n strafbare oortreding van, onder meer, art. 31(1)(a). (S. v. Arenstein, supra op bl. 366). Dit volg dus dat, aangesien die ver-bod in art. 31(1)(a) vervat nie 'n absolute verbod is nie, nalatigheid of culpa vol-doende is vir 'n strafbare oortreding daarvan. (R. v. H . , supra op bl. 130.)"

Mnr Paver het voorts betoog dat dit die oogmerk van die Wet op Publikasies is om streng beheer oor die

voortbrenging/

12

voortbrenging, verspreiding, invoer en besit van verbode publikasies uit te oefen en dat die wetgewer nie kon

bedoel het dat slegs opsetlike oortredings van die bepalings van die wet strafbaar sou wees nie. Die oogmerk van die wetgewer met art. 8(1)(d) van die wet sou dus ondergrawe of verydel kon word, aldus die betoog, indien bevind sou word dat nalatigheid nie voldoende is om 'n oortreding daarvan te skep nie.. In hierdie verband is ook aangevoer dat die besitter van 'n verbode publikasie maklik aanspreeklikheid sou kon vermy indien dolus as vereiste vir 'n oortreding van art. 8(1)(d) gestel word aangesien dit vir die Staat baie moeilik is om dolus, selfs in die vorm van dolus eventualis te bewys

Mnr/...

13

Mnr Paver het vir sy betoog ook gesteun op die strawwe wat in art. 43(1) van die wet voorgeskryf word. Sy betoog is dat dié strawwe 'n sterk aanduiding is dat groot sorg en omsigtigheid van die kant van die onder-daan vereis word en dat dit 'n faktor is wat daarop dui dat nalatigheid voldoende is om 'n oortreding van art. 8(1)(d) te skep. Die straf vvat vir 'n oortreding van art. 8(1)(d) (asook die ander bepalings van art. 8) voorgeskryf is, is: (i) indie geval van 'n eerste skuldigbevinding, 'n boete van hoogstens R500 of gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens 6 maande, of sowel sodanige boete as sodanige gevangenisstraf; (ii) in die geval van 'n tweede skuldigbevinding, 'n boete van minstens R500

en/

14

en hoogstens R1 000 of gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens 6 maande, of sowel sodanige boete as sodanige gevangenisstraf; en (iii) in die geval van 'n derde of daaropvolgende skuldigbevinding, 'n boete van minstens R1 000 of gevangenisstraf vir 'n tydperk van minstens 6 maande, of sowel sodanige boete as sodanige gevangenisstraf.

Die bogemelde betoog laat my geensins daarvan oortuig dat die bevinding van die hof a quo nie korrek was nie. Nie een van die oorwegings wat deur die advokaat genoem is, en ook nie almal van hulle tesame, weeg na my mening so swaar as die onbillike en onaanvaarbare gevolge wat die aanvaarding van nalatigheid as die vereiste skuldvorm by art. 8(1)(d) sou meebring nie, en ek/...

15

ek meen nie dat die wetgewer sulke gevolge kon beoog het nie. Voordat ek in meer besonderhede hierop ingaan, behandel ek net eers kortliks die verskillende oorwegings waarop die advokaat gesteun het

Die eerste van hierdie oorwegings is, soos hierbo gesê, dat art. 8(1)(d) 'n hoë graad van sorg en omsigtigheid van die onderdaan vereis en dat dit daarop dui dat die wetgewer bedoel het dat nalatigheid voldoende vir 'n oortreding van die artikel sou wees. Soos hierbo aangetoon is, het mnr Paver hom in hierdie verband beroep op wat Botha AR in die saak S. v. Arenstein, supra, gesê het. My siening van die aangeleentheid is dat, hoewel die feit dat 'n wetsbepaling groot sorg en omsigtigheid van die onderdaan vereis 'n aanduiding kan wees dat/...

16

dat die wetgewer bedoel het dat 'n nalatige versuim om die bepaling te gehoorsaam voldoende is om 'n oortreding te skep, dit nie noodwendig of altyd so is nie. Daar moet op alle relevante oorwegings gelet word, onder meer ook, soos in die onderhawige geval, op wat die gevolge sou wees indien nalatigheid eerder as dolus as die vereiste skuldvorm beskou sou word, en welke gevolge die wetgewer in die omstandighede sou beoog het. Ek meen ook nie dat Botha AR in S. v.

Arenstein, supra, te kenne wou gegee het dat waar 'n wetsbepaling 'n hoë graad van sorg of omsigtigheid vereis, dit noodwendig of altyd 'n af doende bewys is dat die wetgewer nalatigheid eerder as dolus as voldoende vir 'n oortreding van die bepaling bedoel het nie. In S. v. Oberholzer, supra, op 612, het die-selfde regter, met verwysing na S. v. Arenstein, die

volgende/.....

17

volgende gesê in 'n passasie wat ek reeds hierbo aange-haal het, maar wat ek geriefshalwe ween hier aanhaal:

"Die Wetgewer verg egter klaarblyklik vir die verwesenliking van sy oogmerke 'n hoë mate van omsigtigheid van diegene op wie die bepalings van die Wet van toepassing is, en die opsetlike of nalatige versuim om daardie mate van omsigtigheid uit te oefen, maak die nodige mens rea uit vir 'n strafbare. oor-treding van, onder meer, art. 31 (l) (a). (S. v. Arenstein, supra op bl. 366). Dit volg dus dat, aangesien die verbod in art. 31 (l) (a) vervat nie 'n absolute verbod is nie, nalatigheid of culpa voldoende is vir 'n strafbare oortreding daarvan. (R. v. H., supra op bl. 130.)"

Die geleerde regter gee hier te kenne, indien ek die passasie reg verstaan, dat in die geval van wetsbepalings wat "'n hoë mate van omsigtigheid" vereis van diegene

op/...

18

op wie dit van toepassing is, mens rea in die opsetlike of nalatige versuim om dit na te kom, kan bestaan.

Maar hoe dit ook al sy, dit is van belang om daarop te

let dat (soos sal blyk uit wat ek hierbo gesê het)

die hof in S. v. Oberholzer op verskeie oorwegings ge-

let het toe dit besluit het dat nalatigheid die vereiste

skuldvorm vir 'n oortreding van art. 31(1)(a) van die

Wet op Mate en Gewigte was. Dit het m.a.w. nie die

enkele feit dat art. 31 (1) (a) 'n hoë mate van sorg en omsig-

tigheid vereis as afdoende bewys dat nalatigheid die

vereiste skuldvorm was, beskou nie.

Die tweede oorweging waarop mnr Paver gesteun het,

is, soos hierbo aangedui, dat art. 8(1)(d) deel uitmaak

van/...

19

van 'n wet wat beoog om 'n streng vorm van beheer oor nie net die voortbrenging, verspreiding en invoer van verbode publikasies en voorwerpe uit te oefen nie, maar ook oor die besit daarvan, en dat hierdie oogmerk ondermyn en verydel sou word indien bevind sou word dat die besit van 'n verbode publikasie strafbaar is slegs indien daar dolus aanwesig is. Ek aanvaar dat dit normaalweg vir die Staat moeiliker sal wees om dolus (selfs in die vorm van dolus eventualis) as nalatigheid te bewys, maar dié feit weeg na my mening nie so swaar dat bevind moet word dat 'n nalatige oortreding van art. 8 (1) (d) strafbaar moet wees nie. Ek moet dit op hierdie tydstip miskien ook net duidelik stel dat hierdie uitspraak net oor art.

8(1)(d)/

20

8(1)(d) gaan en dat nie aanvaar moet word dat wat ek i.v.m. dié bepaling sê noodwendig ook op die ander bepalings van art. 8(1) van toepassing is nie. In hierdie verband kan daarop gewys word dat prof. J C W Van Rooyen (die huidige voorsitter van die Appèlraad oor Publikasies) se *Censorship in South Africa*, op 141-142, blyke gee van 'n mening dat vir 'n oortreding van 8(1)(b), wat op die verspreiding van verbode publikasies betrekking het, culpa vereis word, maar vir 'n oortreding van art. 8(1)(d), dolus. Ek vind dit nie nodig om op hierdie mening aangaande art. 8(1) (b) in te gaan nie.

Mnr Paver het ook betoog, soos hierbo gesê,
dat die straf wat vir 'n oortreding van art. 8(1)(d)
voorgeskryf is, daarop dui dat dit die bedoeling van die
wetgewer/

21

wetgewer is dat nalatigheid voldoende vir 'n oortreding
van die artikel is. Ek vind dit voldoende om te sê
dat die. voorgeskrewe straf na my mening geen regverdiging
bied vir 'n bevinding dat die wetgewer bedoel het dat
nalatigheid eerder as dolus vir 'n oortreding van art
8(1)(d) vereis word nie.

Ek het reeds hierbo gesê dat die hof a quo na my
mening tereg bevind het dat die vereiste skuldvorm by
art. 8(1)(d) nie nalatigheid is nie aangesien dit ge-
volge sou meebring wat die wetgewer nie kon beoog het
nie. 'n Bevinding dat nalatigheid die vereiste skuld-
vorm is, sou beteken dat daar by die bepaling van die
vraag/...

22

vraag of iemand die artikel oortree het van 'n objektiewe
maatstaf, t.w. die maatstaf van die bonus paterfamilias,
of redelike man, gebruik gemaak moet word. Die goeie
huisvader, of redelike man, is, soos in R. v. Mbombela
1933 AD 269 op 272 deur De Villiers AR gesê is, "the man
of ordinary intelligence, knowledge and prudence".
Waar iemand van 'n oortreding van art. 8(1)(d) aangekla
word, sal sy gedrag dus met die maatstaf van "the man of
ordinary intelligence, knowledge and prudence" gemeet

moet word, wat die werklike peil van sy intelligensie, kennis en verstandigheid ook al mag wees. In Suid-Afrika, gesien sy heterogene bevolking en die bestaan van mensegroepe wie se ontwikkelings- en onderwyspeil soms wyd van mekaar verskil, sou die toepassing van so 'n/.....

23

'n maatstaf wat vir almal oral in die land geld onbillike gevolge kon meebring wat die wetgewer nie kon beoog het nie. Laat ons kortliks kyk na art. 8(1)(d) en wat dit verg om jou nie aan 'n oortreding daarvan skuldig te maak nie. Die artikel belet die besit van 'n publikasie indien 'n komitee (ingestel kragtens art. 4 van die wet) dit verbied en daardie verbod in die Staatskoerant bekend gemaak is. Indien iemand dus wil verseker dat hy art. 8(1)(d) nie oortree nie, sal hy telkens wanneer hy 'n boek of ander soort publikasie koop, of van iemand anders ontvang, of wanneer hy 'n pamflet in sy posbus vind, ens., moet vasstel of die betrokke publikasie nie verbode verklaar is nie. Hy sal ook, met betrekking tot publikasies wat reeds in sy besit is, met elke verskyning van/....

24

van 'n Staatskoerant, d.w.s. minstens een maal elke week, moet vasstel of die een of ander van daardie publikasies nie verbode verklaar is nie, want 'n publikasie wat die vorige week nie verbode was nie, kan dalk nou verbode wees. In dié respondente se skriftelike betoogpunte

word, met verwysing na gegewens wat uit Staatskoerante geneem is, getoon dat daar elke jaar etlike honderde publikasies verbied word, en dit behoef geen betoog dat dit geen geringe taak sal wees om op die hoogte van alle verbiedinge te bly nie. Art. 16 van die wet maak voorsiening vir die publikasie in die Staatskoerant van 'n jaar en 'n vyf jaarlys van verbode publikasies. Teen die einde van Januarie 1987 (toe die respondent se skriftelike betoogpunte opgestel is) het daar nog net/...

25

net een vyfjaarlys verskyn, t.w. dié vir die periode 1975-1979 (Staatskoerant 440 van 13 Maart 1981), terwyl die laaste jaarlys dié ten opsigte van die jaar Januarie - Desember 1983 was. Dit blyk dus duidelik te wees dat, om op die hoogte van verbode publikasies te bly, 'n mens op Staatskoerante soos dit van week tot week (en soms met korter tussenpose) verskyn, aangewese is. (Mnr. Paver het te kenne gegee dat daar biblioteke is waar 'n mens (waarskynlik) die nodige inligting sal kan bekom. Ek weet nie of dit so is nie, maar ek meen dat in ieder geval aanvaar kan word dat daar nie sulke bronne van inligting in plattelandse gebiede beskikbaar is nie.) Ek het ernstige bedenkinge oor die vraag of selfs diegene wat werklik oor die persoonlike eienskappe beskik wat die/...

26

die redelike man veronderstel is om te hê, in staat salwees om steeds op dié hoogte te wees van publikasies wat

verbode verklaar is, en die gedagte dat almal in'die land,

dus ook diegene wat nie oor daardie eienskappe beskik nie, veronderstel moet word om wel daaroor te beskik wanneer 'n oortreding van art. 8(1) (d) ter sprake is, is so on-realisties dat die wetgewer dit na my mening nie kon bedoel het nie.

Die hof a quo was dieselfde mening toegedaan. Shearer R het in die loop van sy uitspraak (op 514 C-E) o.m. gesê dat die volgende passasie in die uitspraak van Fannin R in die saak S. v. Naidoo 1974(4) SA 574 (N) -'n saak wat oor art. 3 van die Wet op die Misbruik van

Afhanklikheidsvormende/

27

Afhanklikheidsvormende Stowwe en Rehabilitasiesentrums,

No. 41 van 1971 gegaan het - na sy mening ook op die

onderhawige geval van toepassing is:

"In coming to the conclusion that mere culpa is not sufficient, I am mindful of the widely different standards of culture, education and social awareness of various groups of persons to whom, as citizens of South Africa, the Act applies, and of the fact that application of an objective standard to many of such persons may well result in a hardship so unjust as to make it unlikely that Parliament could have in-tended any such result."

Ek stem saam met die mening van die geleerde regter dat

die aangehaalde woorde van Fannin R ook op die onder- hawige geval van toepassing is. Ek stem ook saam met

sy opmerking wat op die aangehaalde woorde volg,nl.:

To/....

28

"To apply, for example, an objective standard to an illiterate living near the border at whose home offensive literature has been left would create so unjust a result that it could not have been intended."

Mnr Paver het hom in die loop van sy betoog ver-plig gevoel om toe te gee dat indien nalatigheid voldoende vir 'n oortreding van art . 8(1)

(d) sou wees, dit vanweë die "widely different standards of culture, education and social awareness" van die verskillende bevolkingsgroepe in Suid-Afrika waarvan Fannin R in *S. v. Naidoo*, supra, gepraat het, dikwels tot onbillike gevolge sou kon lei. Die oplossing wat hy vir hierdie situasie voorstel, is dat hierdie hof moet verklaar dat die toets vir nalatig-heid nie objektief is nie, maar subjektief. As dit ge-

doen/

29

doen sou word, sê hy, sal die gedrag van elke persoon wat van 'n oortreding van art. 8(1) (d) aangekla word, in die lig van sy eie persoonlike eienskappe beoordeel word, en nie dié van die denkbeeldige redelike man nie. Die advokaat het ons daarop gewys dat daar in geskrifte van sekere regsakademics die draak gesteek word met die hele begrip van die redelike man en die redelike man-toets by die bepaling van nalatigheid. Hy het ook be-toog dat daar reeds in sekere beslissings, ook in beslissings van hierdie hof, te kenne gegee is dat die toets vir nalatigheid nie volkome objektief is nie, en het gevolglik 'n beroep op die hof gedoen om nou die knoop deur te hak en reguit te verklaar dat die toets vir nalatigheid/...

30

latigheid subjektief is. In die onlangse saak *S. v. Ngubane* 1985(3) SA 677 (A) het Jansen AR daarop gewys dat sekere regsakademics 'n subjektiewe toets vir nalatigheid voorstaan en beweer dat daar in sekere resente beslissings van ons howe 'n neiging te bespeur is om 'n subjektiewe toets te aanvaar. Die hof se mening oor die aangeleentheid blyk uit die volgende woorde van Jansen AR op 686 E-F:

"The view generally held by our Courts is that culpa is constituted by conduct falling short of a particular standard, viz that of the reasonable man Although the reasonable man standard may to some extent be individualised in certain circumstances, it remains an objective standard."

Ek/...

31

Ek is nie bereid om die beroep wat die advokaat op die hof gedoen het, te aanvaar nie en ek is nie voornemens om die aangeleentheid. verder te bespreek nie. Ek sou net wou byvoeg dat dit na my mening totaal onwaarskynlik is dat die wetgewer ten tyde van die aanneem van die wet in 1974 die mening sou gehuldig het dat die toets vir nalatigheid in ons reg enigiets anders as die objektiewe toets van die redelike man is.

Ek is dus van mening, soos reeds hierbogesê is, dat die beslissing van die hof a quo korrek was. Hieruit volg dat die bevinding in S. v. Mati 1986(2) SA 248 (OKA) op 250 D-E dat culpa voldoende is om 'n oortreding van art. 8(1)(d) te skep, na my mening verkeerd is.

Die/

32

Die respondent het versoek dat die appellant gelas moet word om sy koste te betaal indien die appêl nie slaag nie. Art. 311(2) van die Strafproseswet, No. 51 van 1977 magtig die hof om so 'n bevel te gee, en daar is geen rede waarom dit in die onderhawige geval nie gedoen moet word nie. Kyk Attorney-General, Transvaal v. Lutchman and Another 1959(2) SA 583 (A) op 588.

Die appêl word met koste afgewys, insluitende die koste van twee advokate.

P J RABIE

WND HOOFGREGTER.

JOUBERT AR

HEFER AR

Stem saam

STEYN WND AR

Source & reproduction note

Judgment wording, source notices and original paragraph numbers are retained. Esheria supplies the layout and this PDF's page numbers; these are not the source pagination. This is a research copy, not an official or certified court document. Check quotations, citations and publication restrictions against the original source before relying on it.

ORIGINAL SOURCE <https://www.saflii.org/za/cases/ZASCA/1987/145.html>

CASE PAGE <https://chat.esheria.ai/case-law/south-africa/attorney-general-of-natal-v-ndlovu-unknown-topic-asca-1987--6a3ea5153b1caa912980cc48>

Prepared on 10 October 2026 · Esheria